REMGRO BEPERK

Registrasienommer 1968/006415/06
ISIN ZAE000026480 Aandelekode REM

GEOUDITEERDE VERKORTE GEKONSOLIDEERDE RESULTATE VIR DIE JAAR GEËINDIG 30 JUNIE 2018 EN VERKLARING VAN KONTANTDIVIDEND

HOOFTREKKE

Wesensverdienste per aandeel, uitgesluit opsie hermeting	+7.7%
Wesensverdienste per aandeel	+1.8%
Gewone dividend per aandeel	+7.5%
Intrinsieke netto batewaarde per aandeel	R256.97

Remgro Beperk

VERKORTE GEKONSOLIDEERDE STAAT VAN FINANSIËLE STAND

R miljoen	30 Junie 2018*	2017
BATES		
Nie-bedryfsbates		
Eiendom, aanleg en toerusting	**13 626**	6 668
Beleggingseiendomme	**119**	129
Ontasbare bates	**18 427**	4 927
Beleggings - Geëkwiteer	**73 722**	80 883
- Beskikbaar-vir-verkoop	**3 067**	3 345
Aftreevoordele	**737**	201
Lenings	**697**	562
Uitgestelde belasting	**158**	23
	110 553	96 738
Bedryfsbates	**40 375**	22 317
Voorraad	**10 967**	3 055
Biologiese landboubates	**807**	791
Debiteure en korttermynlenings	**8 599**	4 885
Belegging in geldmarkfondse	**3 996**	5 888
Kontant en kontantekwivalente	**12 169**	7 524
Ander bedryfsbates	**93**	85
	36 631	22 228
Bates gehou vir verkoop	**3 744**	89
Totale bates	**150 928**	119 055
EKWITEIT EN LASTE		
Verklaarde kapitaal	**13 416**	13 416
Reserwes	**84 865**	79 235
Tesourie-aandele	**(183)**	(219)
Aandeelhouersekwiteit	**98 098**	92 432
Nie-beherende belang	**15 348**	2 870
Totale ekwiteit	**113 446**	95 302
Nie-bedryfslaste	**25 891**	18 493
Aftreevoordele	**195**	173
Langtermynlenings	**20 316**	16 446
Uitgestelde belasting	**5 268**	1 511
Afgeleide instrumente	**112**	363
Bedryfslaste	**11 591**	5 260
Handels- en ander krediteure	**9 904**	4 710
Korttermynlenings	**1 557**	480
Ander bedryfslaste	**130**	69
	11 591	5 259
Laste gehou vir verkoop	**-**	1
Totale ekwiteit en laste	**150 928**	119 055
Netto batewaarde per aandeel (Rand)		
- Teen boekwaarde	**R173.04**	R163.13
- Teen intrinsieke waarde	**R256.97**	R251.48

* *Sedert 11 Mei 2018 konsolideer Remgro sy belegging in Distell en daarom is sommige lynitems nie direk met die vorige jaar vergelykbaar nie. Verwys na "Vergelyking met die vorige jaar" onder "Kommentaar" vir meer besonderhede.*

Remgro Beperk

VERKORTE GEKONSOLIDEERDE INKOMSTESTAAT

R miljoen	Jaar geëindig 30 Junie 2018	2017
VOORTGESETTE BEDRYWIGHEDE		
Verkope	**31 115**	27 600
Voorraaduitgawes	**(17 814)**	(16 138)
Personeelkoste	**(5 641)**	(4 972)
Waardevermindering	**(810)**	(752)
Ander netto bedryfsuitgawes	**(5 590)**	(4 978)
Handelswins	**1 260**	760
Dividendinkomste	**112**	61
Rente ontvang	**886**	633
Billike waarde aanpassing op omruilbare skuldbriewe opsie	**261**	687
Finansieringskoste	**(1 266)**	(1 255)
Netto waardedaling van beleggings, lenings, bates en klandisiewaarde	**(202)**	105
Wins met die verkoop en verwatering van beleggings	**5 188**	199
Gekonsolideerde wins voor belasting	**6 239**	1 190
Belasting	**(423)**	(227)
Gekonsolideerde wins na belasting	**5 816**	963
Belang in na-belaste wins van geëkwiteerde beleggings	**2 893**	7 099
Netto wins vir die jaar van voortgesette bedrywighede	**8 709**	8 062
BEËINDIGDE BEDRYWIGHEDE*		
Wins vir die jaar van beëindigde bedrywighede	**490**	446
Netto wins vir die jaar	**9 199**	8 508
Toeskryfbaar aan:		
Ekwiteithouers	**8 943**	8 431
Voortgesette bedrywighede	**8 453**	7 985
Beëindigde bedrywighede	**490**	446
Nie-beherende belang	**256**	77
	9 199	8 508
GEËKWITEERDE BELEGGINGS		
Belang in na-belaste wins van geëkwiteerde beleggings		
Wins voor inagneming van waardedalings en nie-herhalende items	**10 035**	10 066
Netto waardedaling van beleggings, bates en klandisiewaarde	**(5 935)**	(668)
Wins met die verkoop van beleggings	**505**	325
Realisasie van buitelandse valuta-omskakelingsreserwes	**647**	83
Ander items aanpasbaar vir wesensverdienste	**13**	18
Wins voor belasting en nie-beherende belang	**5 265**	9 824
Belasting	**(1 499)**	(1 895)
Nie-beherende belang	**(383)**	(384)
	3 383	7 545
Voortgesette bedrywighede	**2 893**	7 099
Beëindigde bedrywighede	**490**	446

* *Op 30 Junie 2018 is die belegging in Unilever van "beleggings – geëkwiteer" na "bates gehou vir verkoop" oorgedra (verwys na die afdeling wat handel oor "Beleggingsaktiwiteite"). Wins uit beëindigde bedrywighede bestaan uit die geëkwiteerde verdienste van Unilever. Vergelykende inligting word dienooreenkomstig aangebied.*

WESENSVERDIENSTE REKONSILIASIE

R miljoen	Jaar geëindig 30 Junie 2018	2017
VOORTGESETTE BEDRYWIGHEDE		
Netto wins vir die jaar toeskryfbaar aan ekwiteithouers (verdienste)	**8 453**	7 985
- Waardedaling van geëkwiteerde beleggings	**580**	177
- Terugskrywing van waardedaling van geëkwiteerde beleggings	**(529)**	(479)
- Waardedaling van beskikbaar-vir-verkoop beleggings	**44**	5
- Waardedaling van eiendom, aanleg en toerusting	**71**	181
- Wins met die verkoop en verwatering van geëkwiteerde beleggings[1]	**(5 156)**	(208)
- Verlies met die verkoop en verwatering van geëkwiteerde beleggings	**52**	9
- Wins met die verkoop van beskikbaar-vir-verkoop beleggings	**(116)**	(15)
- Verlies met die verkoop van beskikbaar-vir-verkoop beleggings	**-**	15
- Wins met die verkoop van eiendom, aanleg en toerusting	**(114)**	(110)
- Realisasie van buitelandse valuta-omskakelingsreserwes	**(10)**	-
- Waardedaling van ontasbare bates	**34**	-
- Verlies met verkoop van filiaal	**42**	-
- Nie-wesensverdienste items ingesluit by geëkwiteerde verdienste van geëkwiteerde beleggings	**4 726**	220
- Wins met verkoop van eiendom, aanleg en toerusting	**(44)**	(22)
- Wins met die verkoop van beleggings	**(583)**	(351)
- Verlies met die verkoop van beleggings	**78**	26
- Waardedaling van beleggings, bates en klandisiewaarde[2]	**5 935**	668
- Realisasie van buitelandse valuta-omskakelingsreserwes	**(647)**	(83)
- Ander items aanpasbaar vir wesensverdienste	**(13)**	(18)
- Belastinguitwerking van aansuiwerings	**32**	5
- Nie-beherende belang	**(35)**	(13)
Wesensverdienste van voortgesette bedrywighede	**8 074**	7 772
BEËINDIGDE BEDRYWIGHEDE		
Netto wins vir die jaar toeskryfbaar aan ekwiteithouers (verdienste)	**490**	446
- Nie-wesensverdienste items ingesluit by geëkwiteerde verdienste van geëkwiteerde beleggings		
- Verlies met die verkoop van eiendom, aanleg en toerusting	**12**	3
- Belastinguitwerking van aansuiwerings	**(3)**	-
Wesensverdienste van beëindigde bedrywighede	**499**	449
Totale wesensverdienste van voortgesette en beëindigde bedrywighede	**8 573**	8 221
Opsie hermeting	**(261)**	(687)
Wesensverdienste, uitgesluit opsie hermeting	**8 312**	7 534

1. *"Wins met die verkoop en verwatering van geëkwiteerde beleggings" sluit die wins, ten bedrae van R5 150 miljoen, in wat met die herstruktureringstransaksie van Distell gerealiseer is.*
2. *"Waardedaling van beleggings, bates en klandisiewaarde" van geëkwiteerde beleggings sluit Remgro se gedeelte van die waardedalings van Mediclinic se beleggings in Hirslanden en Spire, ten bedrae van R5 257 miljoen, in.*

VERDIENSTE EN DIVIDENDE

Sent	Jaar geëindig 30 Junie 2018	2017
Wesensverdienste per aandeel		
– Basies	**1 512.6**	1 485.5
Voortgesette bedrywighede	**1 424.6**	1 404.4
Beëindigde bedrywighede	**88.0**	81.1
– Verwater	**1 504.5**	1 479.5
Voortgesette bedrywighede	**1 416.5**	1 398.5
Beëindigde bedrywighede	**88.0**	81.0
Wesensverdienste per aandeel, uitgesluit opsie hermeting		
– Basies	**1 466.5**	1 361.3
Voortgesette bedrywighede	**1 378.5**	1 280.2
Beëindigde bedrywighede	**88.0**	81.1
– Verwater	**1 458.4**	1 355.5
Voortgesette bedrywighede	**1 370.4**	1 274.5
Beëindigde bedrywighede	**88.0**	81.0
Verdienste per aandeel		
– Basies	**1 577.9**	1 523.4
Voortgesette bedrywighede	**1 491.4**	1 442.8
Beëindigde bedrywighede	**86.5**	80.6
– Verwater	**1 567.5**	1 517.2
Voortgesette bedrywighede	**1 481.1**	1 436.8
Beëindigde bedrywighede	**86.4**	80.4
Dividende per aandeel		
Gewoon	**532.00**	495.00
– Tussen	**204.00**	194.00
– Finaal	**328.00**	301.00

VERKORTE GEKONSOLIDEERDE STAAT VAN OMVATTENDE INKOMSTE

R miljoen	Jaar geëindig 30 Junie 2018	2017
Netto wins vir die jaar	**9 199**	8 508
Ander omvattende inkomste, netto van belasting	**(311)**	(2 097)
Items wat later na die inkomstestaat herklassifiseer kan word:		
Wisselkoersaanpassings	**2 012**	(4 477)
Billike waarde aanpassings vir die jaar	**(149)**	69
Uitgestelde belasting op billike waarde aanpassings	**55**	21
Herklassifikasie van ander omvattende inkomste na die inkomstestaat	**(206)**	(20)
Ander omvattende inkomste van geëkwiteerde beleggings	**(2 127)**	2 245
Items wat nie na die inkomstestaat herklassifiseer kan word nie:		
Hermeting van na-aftrede voordeelverpligtinge	**189**	68
Uitgestelde belasting op hermeting van na-aftrede voordeelverpligtinge	**(53)**	(19)
Veranderinge in reserwes van geëkwiteerde beleggings	**(32)**	16
Totale omvattende inkomste vir die jaar	**8 888**	6 411
Totale omvattende inkomste toeskryfbaar aan:		
Ekwiteithouers	**8 374**	6 338
Nie-beherende belang	**514**	73
	8 888	6 411

VERKORTE GEKONSOLIDEERDE STAAT VAN VERANDERINGE IN EKWITEIT

R miljoen	Jaar geëindig 30 Junie 2018	2017
Saldo aan die begin van die jaar	**95 302**	81 657
Totale omvattende inkomste vir die jaar	**8 888**	6 411
Dividende betaal	**(2 934)**	(2 708)
Transaksies met nie-beherende aandeelhouers	**40**	18
Ander bewegings	**18**	18
Langtermyn aandele-aansporingskemareserwe	**182**	127
Nie-beherende aandeelhouers se belang in verkryging van filiaal	**11 953**	-
Nie-beherende aandeelhouers se belang in vervreemding van filiaal	**(3)**	-
Aandele uitgereik	**-**	9 945
Aandele uitreikingskoste	**-**	(134)
Aankoop van tesourie-aandele deur volfiliaal	**-**	(32)
Saldo aan die einde van die jaar	**113 446**	95 302

VERKORTE GEKONSOLIDEERDE STAAT VAN KONTANTVLOEI

R miljoen	Jaar geëindig 30 Junie 2018	2017
Kontant uit bedrywighede voortgebring	**2 096**	2 241
Rente ontvang	**879**	633
Belasting betaal	**(657)**	(363)
Dividende ontvang[1]	**3 789**	4 163
Finansieringskoste	**(1 159)**	(1 179)
Kontant beskikbaar uit bedryfsaktiwiteite	**4 948**	5 495
Dividende betaal	**(2 934)**	(2 708)
Netto kontantinvloei uit bedryfsaktiwiteite	**2 014**	2 787
Beleggingsaktiwiteite[1, 2]	**2 208**	(6 572)
Finansieringsaktiwiteite[3]	**78**	8 553
Netto toename in kontant en kontantekwivalente	**4 300**	4 768
Wisselkoerswins/(-verlies) op buitelandse kontant	**213**	(424)
Kontant en kontantekwivalente aan die begin van die jaar	**7 472**	3 128
Kontant en kontantekwivalente aan die einde van die jaar	**11 985**	7 472
Kontant en kontantekwivalente – per staat van finansiële stand	**12 169**	7 524
Oortrokke bankrekening	**(184)**	(52)

1. *Die dividend ontvang vanaf RMI Holdings ten opsigte van die herinvesteringsopsie (verwys na die gedeelte oor "Beleggingsaktiwiteite"), ten bedrae van R471 miljoen, is nie in "Dividende ontvang" en "Beleggingsaktiwiteite" vir kontantvloeidoeleindes ingesluit nie.*
2. *"Beleggingsaktiwiteite" sluit die netto kontant en kontantekwivalente van Distell op verkrygingsdatum van R1 306 miljoen in, asook 'n afname in geldmarkfondse van R1 892 miljoen (2017: toename van R4 838 miljoen).*
3. *"Finansieringsaktiwiteite" vir die vergelykende jaar sluit die Remgro regte-uitgifte van R9 811 miljoen in.*

ADDISIONELE INLIGTING

	30 Junie 2018	2017
Aantal aandele uitgereik		
- Gewone aandele sonder pariwaarde	**529 217 007**	529 217 007
- Ongenoteerde B-gewone aandele sonder pariwaarde	**39 056 987**	39 056 987
Totale aantal aandele uitgereik	**568 273 994**	568 273 994
Aantal aandele in tesourie gehou		
- Gewone aandele teruggekoop en in tesourie gehou	**(1 389 033)**	(1 666 638)
	566 884 961	566 607 356
Geweegde aantal aandele	**566 773 693**	553 423 346

In die bepaling van verdienste per aandeel en wesensverdienste per aandeel is die geweegde aantal aandele in berekening gebring.

ADDISIONELE INLIGTING (vervolg)

R miljoen	30 Junie 2018	2017
Geëkwiteerde beleggings		
Geassosieerdes	**70 735**	75 392
Gesamentlike ondernemings	**2 987**	5 491
	73 722	80 883
Geëkwiteerde beleggingsrekonsiliasie		
Drawaarde aan die begin van die jaar	**80 883**	78 565
Belang in netto toeskryfbare wins	**3 383**	7 545
Dividende ontvang	**(4 259)**	(3 861)
Wisselkoersverskille	**1 779**	(4 947)
Beleggings gemaak	**675**	771
Onterkenning van geëkwiteerde beleggings in Distell en Capevin	**(3 885)**	-
Oordrag van Unilever na nie-bedryfsbates gehou vir verkoop	**(3 588)**	-
Besighede verkry	**968**	-
Grindrod waardedaling teruggeskryf	**487**	478
Geëkwiteerde bewegings op reserwes	**(2 145)**	2 256
Ander bewegings	**(576)**	76
Drawaarde aan die einde van die jaar	**73 722**	80 883
Langtermynlenings		
20 000 Klas A 7.7% kumulatiewe aflosbare voorkeuraandele	**3 512**	3 512
10 000 Klas B 8.3% kumulatiewe aflosbare voorkeuraandele	**4 382**	4 382
Omruilbare skuldbriewe, met ‘n effektiewe rentekoers van 4.5%	**6 090**	5 650
Verskeie ander lenings	**7 533**	3 127
	21 517	16 671
Korttermyn gedeelte van langtermynlenings	**(1 201)**	(225)
	20 316	16 446
Toevoegings tot en vervanging van eiendom, aanleg en toerusting	**1 153**	1 228
Kapitaal- en beleggingsverpligtinge*	**4 366**	1 247
(Ingesluit bedrae gemagtig, maar nog nie gekontrakteer nie)		
Waarborge en voorwaardelike aanspreeklikhede	**9**	26
Dividende ontvang vanaf geëkwiteerde beleggings teen beleggings verreken	**4 259**	3 861
Verwys na die gedeelte oor “Beleggingsaktiwiteite” vir meer inligting oor verwante partytransaksies.		

** Kapitaal- en beleggingsverpligtinge op 30 Junie 2018 sluit ‘n bedrag van R2 459 miljoen van Distell in.*

ADDISIONELE INLIGTING (vervolg)

Billike waarde hermetings

Die volgende metodes en aannames word gebruik om die billike waarde van elke klas van finansiële instrumente te bepaal:

- Finansiële instrumente beskikbaar-vir-verkoop en belegging in geldmarkfondse: Billike waarde is gebaseer op gekwoteerde markpryse of, in die geval van ongenoteerde instrumente, toepaslike waardasiemetodologieë. Laasgenoemde sluit die verdiskonteerde kontantvloeimetode, likwidasiewaarde en werklike netto batewaarde van die beleggings in.
- Afgeleide instrumente: Die billike waarde van afgeleide instrumente word bepaal met verwysing na toepaslike waardasiemetodologieë en die mark waarin daar met die instrumente handel gedryf word.

Finansiële instrumente wat teen billike waarde gemeet word, word geopenbaar in een van die volgende vlakke van billike waarde hiërargie:

Vlak 1 – Genoteerde pryse (onaangepas) in aktiewe markte vir soortgelyke bates of laste;
Vlak 2 – Insette (anders as genoteerde pryse binne vlak 1) wat waarneembaar is vir die bate of las, direk (as pryse) of indirek (afgelei vanaf pryse); en
Vlak 3 – Insette vir die bate of las wat nie op waarneembare markinligting gebaseer is nie (nie-waarneembare insette).

Die volgende tabelle toon, volgens hiërargievlak, die billike waardes van finansiële bates en laste wat teen billike waarde gemeet word:

R miljoen	*Vlak 1*	*Vlak 2*	*Vlak 3*	Totaal
30 Junie 2018				
Bates				
Beskikbaar-vir-verkoop	**934**	**41**	**2 092**	**3 067**
Afgeleide instrumente	**-**	**12**	**-**	**12**
Belegging in geldmarkfondse	**3 996**	**-**	**-**	**3 996**
	4 930	**53**	**2 092**	**7 075**
Laste				
Langtermyn afgeleide instrumente	**-**	**112**	**-**	**112**
Korttermyn afgeleide instrumente	**-**	**34**	**43**	**77**
	-	**146**	**43**	**189**
30 Junie 2017				
Bates				
Beskikbaar-vir-verkoop	1 178	-	2 167	3 345
Afgeleide instrumente	-	1	-	1
Belegging in geldmarkfondse	5 888	-	-	5 888
	7 066	1	2 167	9 234
Laste				
Langtermyn afgeleide instrumente				
Korttermyn afgeleide instrumente	-	363	-	363
	-	13	49	62
	-	376	49	425

ADDISIONELE INLIGTING (vervolg)

Die volgende tabelle toon die rekonsiliasie van die drawaarde van vlak 3-bates aan die begin en einde van die jaar:

	30 Junie	
R miljoen	**2018**	2017
Bates: Beskikbaar-vir-verkoop		
Saldo's aan die begin van die jaar	**2 167**	2 148
Toevoegings	**103**	119
Vervreemdings	**(356)**	(67)
Wisselkoersaanpassings	**81**	(178)
Billike waarde aanpassings deur omvattende inkomste	**97**	145
Saldo's aan die einde van die jaar	**2 092**	2 167
Laste: Afgeleide instrumente		
Saldo's aan die begin van die jaar	**49**	54
Verkoopsopsie uitgeoefen	**(6)**	(5)
Saldo's aan die einde van die jaar	**43**	49

Daar was geen oordragte tussen die verskillende vlakke nie.

Vlak 3 finansiële bates bestaan hoofsaaklik uit beleggings in die Milestone China entiteite (Milestone) en die Pembani Remgro Infrastruktuurfonds (PRIF) ten bedrae van R1 737 miljoen en R234 miljoen, onderskeidelik, terwyl die belegging in die Kagiso Infrastructure Empowerment Fund gedurende die jaar onder oorsig verkoop is. Hierdie beleggings word almal waardeer gegrond op die billike waarde van elke belegging se onderliggende bates, wat op 'n verskeidenheid waardasiemetodologieë bepaal word. Genoteerde entiteite word waardeer teen die laaste gekwoteerde aandeelprys op die verslagdoeningsdatum, terwyl ongenoteerde entiteite se waardasiemetodes verdiskonteerde kontantvloei waardasies en toepaslike verdienste- en omsetveelvoude insluit.

Milestone se billike waarde bestaan uit genoteerde beleggings (43%), kontant en kontantekwivalente (6%), ongenoteerde beleggings (60%) en ander netto aanspreeklikhede (9%). Ongenoteerde beleggings wat teen transaksiepryse by Milestone se billike waarde ingesluit word bedra R573 miljoen, terwyl sy oorblywende agt ongenoteerde beleggings teen R469 miljoen waardeer is. PRIF se hoofbates is die beleggings in ETG Groep, Nova Lumos en GPR Leasing. ETG Groep is waardeer teen sy laaste verhandelingsprys wat gebruik is vir die verkryging van 'n belang deur 'n derdeparty. GPR Leasing en Nova Lumos is waardeer deur middel van die verdiskonteerde kontantvloeimetode.

Veranderinge in die waardasie-aannames van bogenoemde ongenoteerde beleggings sal nie 'n wesentlike invloed op Remgro se finansiële state hê nie aangesien die onderliggende bates van die fondse waarin Remgro sy beleggings gemaak het, wyd verspreid is.

KOMMENTAAR

1. REKENKUNDIGE BELEID

Die verkorte gekonsolideerde finansiële state is ooreenkomstig die vereistes van die JSE Beperk (JSE) se noteringsvereistes vir voorlopige verslae en die vereistes van die Maatskappywet, wat van toepassing is op verkorte finansiële state, opgestel. Die JSE se noteringsvereistes vir voorlopige verslae vereis dat verkorte finansiële state ooreenkomstig die raamwerkkonsepte en die metings- en erkenningvereistes van Internasionale Finansiële Rapporteringstandaarde (IFRS) en die SAICA Finansiële Rapporteringsriglyne soos uitgereik deur die Komitee vir Rekeningkundige Praktyke en Finansiële Uitsprake soos uitgereik deur die Finansiële Verslagdoeningstandaarde Raad opgestel word, en ook om, as 'n minimum, die inligting soos vereis deur *IAS 34: Tussentydse Finansiële Verslagdoening* te bevat.

Die rekeningkundige beleid wat toegepas is in die opstel van die gekonsolideerde finansiële state, waaruit die verkorte gekonsolideerde finansiële state afgelei is, is ooreenkomstig IFRS en in ooreenstemming met die rekeningkundige beleid wat toegepas is in die opstel van die vorige gekonsolideerde finansiële state met die uitsondering van die implementering van die wysigings aan *IAS 7: Kontantvloeistate, IAS 12: Inkomstebelasting* en *IFRS 12: Openbaarmaking van belange in ander entiteite.* Die implementering van hierdie interpretasies en wysigings het geen uitwerking op die resultate van die huidige of vorige jare gehad nie.

Die finansiële state is onder die toesig van die hoof finansiële beampte, Neville Williams GR(SA), opgestel.

2. VERGELYKING MET DIE VORIGE JAAR

Sedert 11 Mei 2018 hou Remgro die meederheidstemreg (56.0%) in Distell, wat tot gevolg het dat die belegging in Distell nou teen 31.8% gekonsolideer word. Daarom is sekere lynitems in die staat van finansiele stand en die inkomstestaat nie direk vergelykbaar met die vorige jaar nie. Gebaseer op die voorlopige verantwoording vir die besigheidsamevoeging, is die billike waarde van die belangrikste bateklasse en verpligtinge wat verkry is soos volg:

	R miljoen
Eiendom, aanleg en toerusting	**6 608**
Ontasbare bates	**10 169**
Voorraad	**7 765**
Debiteure en korttermynlenings	**2 149**
Kontant en kontantekwivalente minus oortrokke bank	**1 306**
Ander netto bates	**1 229**
Langtermynlenings	**(4 378)**
Uitgestelde belasting (bates en laste)	**(3 693)**
Handels- en ander krediteure	**(3 857)**
Nie-beherende belang	**(11 893)**
Billike waarde van netto bates verkry	**5 405**
Klandisiewaarde	**3 535**
Totale aankoopswaarde	**8 940**

Distell se bydrae tot verkope vir die jaar onder oorsig is R4 219 miljoen. Verwys na "Beleggingsaktiwiteite" vir verdere inligting.

3. RESULTATE

Wesensverdienste

Vir die jaar tot 30 Junie 2018 het wesensverdienste met 4.3%, van R8 221 miljoen tot R8 573 miljoen, toegeneem, terwyl wesensverdienste per aandeel (WVPA) met 1.8%, van 1 485.5 sent tot 1 512.6 sent, toegeneem het. Die verskil in die toename tussen wesensverdienste en WVPA is toeskryfbaar aan die impak van die regte-uitgifte in die vergelykende jaar.

Ingesluit in wesensverdienste vir die jaar onder oorsig is ‘n positiewe billike waarde aanpassing van R261 miljoen (2017: R687 miljoen) wat verband hou met die afname in waarde van skuldbriefhouers se omruilopsie van die omruilbare skuldbriewe (opsie hermeting). Met uitsluiting van die opsie hermeting het wesensverdienste met 10.3%, vanaf R7 534 miljoen tot R8 312 miljoen, toegeneem, terwyl WVPA met 7.7%, vanaf 1 361.3 sent tot 1 466.5 sent, toegeneem het. Die toename in wesensverdienste, uitgesluit opsie hermeting, is hoofsaaklik die gevolg van hoër verdienste deur die bank- en versekeringskategorieë, RCL Foods, Total en hoër finansieringsinkomste, wat teengewerk is deur ‘n laer bydrae van Mediclinic asook transaksiekostes aangegaan met die Distell eienaarskapsherstrukturering en die Unilever Smere-besigheid verkryging.

Bydrae tot wesensverdienste deur rapporteringskategorieë

R miljoen	Jaar geëindig 30 Junie 2018	% Verandering	Jaar geëindig 30 Junie 2017
Bankwese	**3 525**	*11.4*	3 163
Gesondheidsorg	**1 556**	*(17.0)*	1 875
Verbruikersprodukte	**1 605**	*18.5*	1 354
Versekering	**1 228**	*18.0*	1 041
Nywerheid	**971**	*29.5*	750
Infrastruktuur	**57**	*58.3*	36
Media en sport	**(47)**	*19.0*	(58)
Ander beleggings	**66**	*(5.7)*	70
Sentrale tesourie			
- finansieringsinkomste	**524**	*50.1*	349
- finansieringskoste	**(891)**	*1.3*	(903)
- opsie hermeting	**261**	*(62.0)*	687
Ander netto korporatiewe koste	**(282)**	*(97.2)*	(143)
Wesensverdienste	**8 573**	*4.3*	8 221
Opsie hermeting	**(261)**		(687)
Wesensverdienste, uitgesluit opsie hermeting	**8 312**	*10.3*	7 534

Verwys na Bylae A en B vir die geouditeerde segmentinligting.

Kommentaar op rapporteringskategorieë se vertoning (ongeouditeer)

Bankwese

Die wesensverdienstebydrae van die bankafdeling het R3 525 miljoen (2017: R3 163 miljoen) bedra, wat ‘n toename van 11.4% verteenwoordig. FirstRand en RMH het wesensverdienstegroei van onderskeidelik 11.6% en 11.4% gerapporteer. Op ‘n genormaliseerde basis, wat sekere nie-bedryfs- en rekeningkundige afwykings uitsluit, en ‘n beter weerspieëling van onderliggende prestasies is, het beide FirstRand en RMH verdienstegroei van 7.9% gerapporteer. Hierdie toenames was hoofsaaklik as gevolg van groei in beide netto rente-inkomste, ondersteun deur goeie groei in voorskotte en deposito’s, en nie-rente-inkomste weens ‘n stewige groei in fooi- en kommissie-inkomste. Hierdie groei in verdienste is deels teengewerk deur ‘n toename in nie-presterende lenings weens die moeilike makro-ekonomiese omgewing, wat tot ‘n toename in kredietwaardedalingskoste gelei het.

Gesondheidsorg

Mediclinic se bydrae tot Remgro se wesensverdienste het R1 556 miljoen (2017: R1 875 miljoen) bedra wat ‘n afname van 17.0% verteenwoordig. Daar moet op gelet word dat die handelsmerk van alle Al Noor-fasiliteite na Mediclinic omgeskakel is en gevolglik sluit Mediclinic se bydrae vir die jaar onder oorsig ‘n versnelde amortisasiekoste van R171 miljoen in ten opsigte van die Al Noor-handelsnaam. Mediclinic se bydrae sluit ook ‘n onterkenningskoste van R114 miljoen in ten opsigte van ongeamortiseerde finansieringsuitgawes wat met die herfinansiering van Hirslanden se skuld verband hou. Met uitsluiting van die effek van die versnelde amortisasie en onterkenning van ongeamortiseerde finansieringsuitgawes, sou Mediclinic se bydrae tot Remgro se wesensverdienste met 1.8%, vanaf R1 875 miljoen tot R1 841 miljoen, afgeneem het. Die versterking van die rand teenoor die Switserse frank, die Britse pond en die Verenigde Arabiese Emirate se dirham het ook ‘n negatiewe uitwerking op Mediclinic se bydrae gehad.

In Britse pondterme het Mediclinic se bydrae, met uitsluiting van versnelde amortisasie en die onterkenning van ongeamortiseerde finansieringsuitgawes, met 4.9% toegeneem, hoofsaaklik weens ‘n sterker vertoning deur die Suider-Afrikaanse en Midde-Oosterse bedryfsafdelings, wat teengewerk is deur ‘n laer verdienste deur Hirslanden, en ‘n afname in die geëkwiteerde verdienste van Spire. Hirslanden se resultate is beïnvloed deur ‘n gedempte mark, die voortdurende veranderinge in versekeringsmengsel en die steeds ontvouende regulatoriese omgewing, terwyl Spire se bydrae tot Mediclinic se resultate ‘n voorsiening van £9 miljoen insluit, wat verband hou met die moontlike skikkingskoste van ‘n siviele geding met ‘n konsultant wat vroeër praktiserende voorregte by Spire geniet het, asook ‘n koste wat verband hou met die besluit om die verskaffing van radioterapeutiese dienste by Spire se spesialiskankersorgsentrum in Baddow (Essex) te beëindig.

Verbruikersprodukte

Die bydrae van verbruikersprodukte tot Remgro se wesensverdienste het R1 605 miljoen (2017: R1 354 miljoen) bedra, wat ‘n toename van 18.5% verteenwoordig.

RCL Foods se bydrae tot Remgro se wesensverdienste het met 52.6% tot R647 miljoen (2017: R424 miljoen) toegeneem. Die toename is hoofsaaklik danksy beter resultate in die hoender-besigheidseenheid, sterk volumegroei in die slaaisous-, troeteldiervoedsel- en pasteikategorieë, laer finansieringskoste en ‘n belastingkrediet van R64 miljoen wat verband hou met ‘n energiedoeltreffend-heidstoelae in die suikerbesigheidseenheid. Die verbetering in die hoenderbesigheidseenheid was die gevolg van ‘n hersiene besigheidsmodel, laer voerpryse en beter realisasies. Die toename is deur die effek van listeriose in die besigheidseenheid, wat ‘n geskatte negatiewe impak van R158 miljoen gehad het, gedemp. Die suikerbesigheid het uitdagende markomstandighede ervaar weens laer internasionale pryse, ‘n relatiewe sterk geldeenheid en ‘n aansienlike volume gestorte invoerprodukte.

Unilever se bydrae tot Remgro se wesensverdienste het met 11.1% tot R499 miljoen (2017: R449 miljoen) toegeneem. Hierdie toename was hoofsaaklik te danke aan ‘n verbetering in bruto marges as gevolg van beter bestedingsbeheer.

Distell se bydrae tot wesensverdienste, wat die belegging in Capevin Holdings insluit, het R459 miljoen (2017: R481 miljoen) bedra. Distell se resultate vir die jaar onder oorsig is negatief beïnvloed deur eenmalige verliese en afskrywings ten bedrae van R78 miljoen (2017: R22 miljoen) by sy geassosieerde Tanzania Distilleries Beperk, na ‘n *sachet*-verbod en aksynsdispuut. Die vergelykende jaar het die terugskryf van ‘n voorsiening vir rente betaalbaar ten bedrae van R42 miljoen, wat gemaak is ten opsigte van ‘n uitgebreide aksynsdispuut, ingesluit. Distell het wesensverdienstegroei van 5.2%, aangepas vir buitelandse wisselkoersbewegings, afleggings- en groep herstruktureringskoste, sowel as die voorgenoemde eenmalige items, gerapporteer. Dit was hoofsaaklik gedryf deur ‘n 10.4% toename in omset, wat behaal is oor alle streke en kategorieë.

Versekering

RMI Holdings se bydrae tot wesensverdienste het met 18.0% tot R1 228 miljoen (2017: R1 041 miljoen) toegeneem. Op 'n genormaliseerde basis het RMI Holdings 'n toename van 14.8% in verdienste gerapporteer, hoofsaaklik danksy die vertonings van Discovery (op met 16.2%), OUTsurance (op met 11.5%) en die nuutverkrygde Hastings, deels teengewerk deur die hoër befondsingskoste wat met die Hastings-verkryging gepaardgaan en ‘n laer bydrae deur MMI (af met 12.4%). Die sterk vertoning deur Discovery is deur beide gevestigde en opkomende besighede gedryf, terwyl OUTsurance se resultate deur gunstige eisomstandighede by al sy hoofbedrywighede beïnvloed is. MMI se resultate is negatief deur die voortgesette uitdagende makro-ekonomiese omgewing, sowel as bedryfstekortkominge in die Momentum en Metropolitan kleinhandel-afdelings, geraak.

Nywerheid

Total se bydrae tot Remgro se wesensverdienste het R501 miljoen (2017: R224 miljoen) bedra. Ingesluit in die bydrae tot wesensverdienste vir die jaar onder oorsig is gunstige voorraadherwaardasies ten bedrae van R216 miljoen (2017: ongunstige voorraadherwaardasies van R82 miljoen). Hierdie herwaardasies is die gevolg van die onbestendigheid in die Brent ru-olieprys en die randwisselkoers. Uitgesluit dié herwaardasies, het die bydrae met 6.9%, vanaf R306 miljoen tot R285 miljoen, afgeneem.

Remgro se deel van KTH se resultate het R55 miljoen (2017: R34 miljoen) bedra. Die toename is hoofsaaklik weens laer finansieringskoste as gevolg van die terugbetaling van skuld nadat die belegging in Exxaro Resources Beperk verkoop is.

Air Products en Wispeco se bydrae tot wesensverdienste hetonderskeidelik R289 miljoen en R122 miljoen bedra (2017: R298 miljoen en R169 miljoen), terwyl PGSI R4 miljoen tot Remgro se wesensverdienste bygedra het (2017: R25 miljoen).

Infrastruktuur

Grindrod se bydrae tot Remgro se wesensverdienste het ‘n verlies van R46 miljoen (2017: ‘n verlies van R48 miljoen) bedra, hoofsaaklik as gevolg van voorraadwaardedalings in die spoorwegmonteerbesigheid weens die sluiting van dié besigheidseenheid. Die afname is deels teengewerk deur beter resultate van kernbesighede hoofsaaklik as gevolg van verhoogde kommoditeitsaanvraag en stewiger droëvrag-verskepingstariewe.

Vir die jaar onder oorsig het die CIV-groep R48 miljoen tot wesensverdienste bygedra (2017: R110 miljoen). Hierdie afname is hoofsaaklik te wyte aan hoër finansieringskoste en waardevermindering as gevolg van verhoogde infrastruktuurbesteding. Ondanks die afname in verdienste het die CIV-groep se maandelikse annuïteitsinkomste tot R138 miljoen (2017: R115 miljoen) toegeneem.

Remgro se deel van SEACOM se wins het R15 miljoen (2017: ‘n verlies van R33 miljoen) bedra. Hierdie toename is hoofsaaklik te danke aan verbeterde resultate in Suid-Afrika en Kenia, sowel as ‘n eenmalige realisasie van uitgestelde inkomste wat verband hou met die vroeë beëindiging van langtermynkontrakte.

Media and sport

Media en sport bestaan hoofsaaklik uit die belange in eMedia Investments en verskeie sportbelange, waaronder die belange in rugby-franchises, sowel as die Stellenbosch Academy of Sport.

eMedia Investments se bydrae tot Remgro se wesensverdienste het tot R1 miljoen (2017: R49 miljoen) afgeneem. Die afname is hoofsaaklik te wyte aan ‘n wesentlike afname in lisensie-inkomste, weens ‘n heronderhandelde DStv-ooreenkoms, en die voortgesette belegging in die Openview platform.

Ander beleggings

Die bydrae van ander beleggings tot wesensverdienste het R66 miljoen (2017: R70 miljoen) bedra, waarvan Business Partners se bydrae R65 miljoen (2017: R54 miljoen) was.

Sentrale tesourie en ander netto korporatiewe koste

Finansieringsinkomste het R524 miljoen (2017: R349 miljoen) bedra. Hierdie toename is hoofsaaklik die gevolg van hoër gemiddelde kontantbalanse as gevolg van Remgro se regte-uitgifte in die vergelykende jaar. Finansieringskoste het R891 miljoen (2017: R903 miljoen) bedra. Die positiewe billike waarde aanpassing van R261 miljoen (2017: R687 miljoen) hou verband met die daling in waarde van die omruilopsie van die omruilbare skuldbriewe. Ander netto korporatiewe koste het R282 miljoen (2017: R143 miljoen) bedra. Die toename in ander netto korporatiewe koste is hoofsaaklik toeskryfbaar aan transaksiekoste van R109 miljoen wat aangegaan is met die eienaarskapsherstrukturering van Distell en die verkryging van die Unilever Smere-besigheid.

Verdienste

Verdienste het met 6.1% tot R8 943 miljoen (2017: R8 431 miljoen) toegeneem. Hierdie toename is hoofsaaklik te wyte aan die wins van R5 150 miljoen wat met die herstruktureringstransaksie van Distell gerealiseer is, sowel as die toename in wesensverdienste, soos hierbo verduidelik. Die toename is deels teengewerk deur Remgro se gedeelte van die waardedaling van Mediclinic se beleggings in Hirslanden en Spire ten bedrae van R5 257 miljoen, sowel as ‘n laer positiewe billike waarde aanpassing wat verband hou met die afname in waarde van die omruilopsie van die omruilbare skuldbriewe van R261 miljoen (2017: R687 miljoen).

4. INTRINSIEKE NETTO BATEWAARDE

Remgro se intrinsieke netto batewaarde per aandeel het met 2.2%, vanaf R251.48 op 30 Junie 2017 tot R256.97 op 30 Junie 2018 toegeneem. Die sluitingsaandeelprys op 30 Junie 2018 was R204.29 (2017: R213.46), wat ‘n diskonto van 20.5% (2017: 15.1%) tot die intrinsieke netto batewaarde verteenwoordig. Verwys na Bylaag B vir volle besonderhede.

5. BELEGGINGSAKTIWITEITE

Die belangrikste beleggingsaktiwiteite gedurende die jaar onder oorsig was soos volg:

Distell Group Holdings Beperk (Distell)

Op 30 Junie 2017 het Remgro 'n indirekte ekonomiese belang van 31.8% in Distell Groep Beperk (voorheen genoteerde Distell) gehad. Hierdie belang is gehou deur 'n 50.0%-aandeelhouding in Remgro-Capevin Investments Eiendoms Beperk (RCI) en 'n 19.0%-aandeelhouding in Capevin Holdings Beperk (Capevin). Capevin het die ander 50.0%-aandeelhouding in RCI gehou en laasgenoemde het 'n 53.5%-ekonomiese belang (of 52.8%-stembelang) in die voorheen genoteerde Distell gehad.

Op 11 Mei 2018 het die mededingingsowerhede die herstrukturering van die voorheen genoteerde Distell se veelvlakkige-eienaarskapstruktuur goedgekeur. Ingevolge die herstrukturering het Remgro sy 50%-aandeelhouding in RCI vir bykomende gewone aandele in Capevin (die RCI-ruiling) geruil. Die RCI-ruiling het Remgro se belang in Capevin van 19.0% tot 59.5% verhoog. Na afloop van die RCI-ruiling het Remgro sy volle Capevin-aandeelhouding vir gewone aandele in Distell, 'n nuutgenoteerde entiteit wat in wese dieselfde as die voorheen genoteerde Distell is, geruil. Remgro het ook ongenoteerde B-aandele in Distell ontvang. Hierdie aandele is gekoppel aan die Distell gewone aandele wat Remgro ingevolge die RCI-ruiling verkry het. Daardeur herskep Remgro RCI se stemreg van 52.8% in die voorheen genoteerde Distell. Die ongenoteerde B-aandele dra slegs stemreg in Distell en het geen ekonomiese regte nie. Die herstrukturering het geen uitwerking op Remgro se intrinsieke netto batewaarde gehad nie en Remgro behou sy ekonomiese belang van 31.8% in Distell, maar het sy stemreg in Distell tot 56.0% verhoog.

Remgro se belegging in RCI en Capevin is voorheen as onderskeidelik 'n gesamentlike onderneming en geassosieerde geklassifiseer en volgens die ekwiteitsmetode verantwoord. Na die herstrukturering het Remgro die meerheidstemreg (56.0%) in Distell, wat tot gevolg het dat die belegging in Distell, met ingang van 11 Mei 2018, teen 31.8% gekonsolideer word, terwyl die beleggings in RCI en Capevin, met totale billike waardes van R8 940 miljoen, onterken is. Hierdeur is 'n rekeningkundige wins van R5 150 miljoen met die verkoop van beleggings gerealiseer.

In terme van *IFRS 3: Besigheidsamevoegings* het die aankoopswaarde van Distell, bestaande uit die billike waarde van Remgro se vorige belange in RCI en Capevin, R8 940 miljoen bedra. Die voorlopige billike waarde van die onderliggende bates verkry en verpligtinge aanvaar teen die effektiewe datum was: ontasbare bates van R10 169 miljoen, eiendom, aanleg en toerusting van R6 608 miljoen en ander netto bates van R521 miljoen. Nie-beherende aandeelhouers se proporsionele belang in die billike waarde van Distell se netto bates het R11 893 miljoen bedra, terwyl Remgro se ekonomiese belang daarin R5 405 miljoen bedra het. Die balans van R3 535 miljoen, naamlik die verskil tussen die koopprys en Remgro se gedeelte van Distell se identifiseerbare netto bates is na klandisiewaarde geallokeer.

Die billike waarde aanpassing ten opsigte van Distell se staat van finansiële stand hou hoofsaaklik verband met die erkenning van handelsmerke (*onder andere Hunters*, *Savanna*, *Amarula* en *Bernini*). Die amortisasie van hierdie bykomende bates sal 'n jaarlikse na-belaste uitgawe van R145 miljoen (Remgro se gedeelte is R46 miljoen) tot gevolg hê vir insluiting in wesensverdienste. Aangesien Remgro sy ekonomiese belang van 31.8% in Distell se onderliggende besigheid, behou het, het die impak op toeskryfbare wesensverdienste vir die jaar onder oorsig slegs verband gehou met die bykomende na-belaste amortisasie-uitgawe van R8 miljoen vir die tydperk tot 30 Junie 2018.

RMI Holdings Beperk (RMI Holdings)

Op 19 September 2017 en 12 Maart 2018 het RMI Holdings 'n finale dividend vir die jaar geëindig 30 June 2017 en 'n tussendividend vir die ses maande tot 31 Desember 2017, onderskeidelik, verklaar. Beide dividende het as alternatief tot die kontantdividend die opsie gebied om 'n skripdividend te ontvang of die kontant te herinvesteer deur vir nuwe gewone aandele in RMI Holdings in te skryf. Remgro het in beide gevalle die herinvesteringsopsie gekies. Kontantdividende ten bedrae van R471 miljoen is herinvesteer vir 7 691 641 nuwe RMI Holdings gewone aandele, teen R38.00 per aandeel, en 4 196 921 nuwe RMI Holdings gewone aandele, teen R42.50 per aandeel, gedurende Oktober 2017 en April 2018 onderskeidelik. Hierdie beleggings het Remgro se belang in RMI Holdings marginaal tot 30.3% (30 Junie 2017: 29.9%) verhoog.

Grindrod Beperk (Grindrod)
Op 19 Junie 2018 het Grindrod sy skeepsbelange aan aandeelhouers ontbondel by wyse van ‘n dividend *in specie*. Grindrod-aandeelhouers het een Grindrod Shipping Holdings Beperk (Grindrod Shipping)-aandeel ontvang vir elke 40 Grindrod-aandele gehou en Remgro het gevolglik 4 329 580 Grindrod Shipping-aandele ontvang. Grindrod Shipping het op 18 Junie 2018 op die NASDAQ genoteer, met ‘n sekondêre inwaartse notering op die JSE op 19 Junie 2018. Op 30 Junie 2018 was Remgro se effektiewe belang in Grindrod en Grindrod Shipping 23.0% (2017: 23.1%) en 22.7% onderskeidelik.

Kagiso Infrastructure Empowerment Fund (KIEF)
Gedurende die jaar onder oorsig het Remgro sy belegging in KIEF verkoop en ‘n wins met verkoop van R103 miljoen met die transaksie gerealiseer. Remgro het hom oorspronklik verbind om fondse ten bedrae van R350 miljoen beskikbaar te stel aan KIEF, wat ‘n teikengrootte van R650 miljoen gehad het, met die doel om in infrastruktuurprojekte, waaronder, paaie, lughawens, krag- en telekommunikasie-installasies, spoorweg-stelsels, hawens, asook water- en maatskaplike infrastruktuur, te belê. Remgro het in totaal R285 miljoen in KIEF belê en inkomste- en kapitaaluitkerings van R381 miljoen, wat die opbrengs met die verkoop van KIEF insluit, ontvang.

Invenfin Eiendoms Beperk (Invenfin)
Gedurende die jaar onder oorsig het Remgro (deur sy volfiliaal, Invenfin) nog R80 miljoen in Bos Brands Eiendoms Beperk (Bos Brands) belê en daardeur sy kumulatiewe belegging in Bos Brands tot R244 miljoen verhoog. Bos Brands is ‘n eienaar, vervaardiger, bemarker en verspreider van ‘n reeks ystee- en ander sportdrankies onder die BOS-handelsmerk.

Pembani Remgro Infrastructure Fund (PRIF)
Gedurende die jaar onder oorsig het Remgro ‘n verdere R43 miljoen in PRIF belê en daardeur sy kumulatiewe belegging tot R298 miljoen verhoog. Op 30 Junie 2018 het die oorblywende verpligting ten opsigte van PRIF R352 miljoen bedra.

Ander
Ander kleiner beleggings het R114 miljoen bedra.

Gebeure na jaareinde

Unilever South Africa Holdings Eiendoms Beperk (Unilever)
Die mededingingsowerhede het Unilever se verkryging van Remgro se 25.75%-belang in Unilever in ruil vir die Unilever Smere-besigheid in Suider-Afrika, goedgekeur, sowel as ‘n kontantbedrag van R4 900 miljoen, wat ‘n totale transaksiewaarde van R11 900 miljoen verteenwoordig. Die transaksie plaas ‘n waarde van R7 000 miljoen op die Unilever Smere-besigheid. Die effektiewe datum van die transaksie was 2 Julie 2018.

Op 2 Julie 2018 is die Unilever Smere-besigheid, ter waarde van R7 000 miljoen, oorgedra na Silver 2017 Eiendoms Beperk (Silver), wat ‘n volfiliaal van Remgro geword het, en die belegging in Unilever is vir R11 900 miljoen verkoop. Ingevolge *IFRS 3: Besigheidsamevoegings* sal die koopprys van die Unilever Smere-besigheid toegedeel word na ontasbare bates (hoofsaaklik handelsmerke soos *Rama*, *Stork* en *Flora*), eiendom, aanleg en toerusting en ander netto bates, terwyl die balans na klandisiewaarde geallokeer sal word. Op die publikasiedatum van die geouditeerde gekonsolideerde resultate was die billike waardes, soos op verkrygingsdatum, van netto bates wat bekom is, nog nie bepaal nie.

RMI Holdings
Op 11 September 2018 het RMI Holdings ‘n finale dividend vir die jaar geëindig 30 Junie 2018 verklaar wat as alternatief tot die kontantdividend, óf die ontvang van ‘n skripdividend óf herinvestering van die kontantdividend deur in te skryf vir nuwe RMI Holdings gewone aandele, insluit. Deur die herinvesteringsopsie te kies, het Remgro hom daartoe verbind om sy kontantdividend, ten bedrae van R300 miljoen, te herinvesteer om sodoende 7 894 998 nuwe RMI gewone aandele teen R38.00 per aandeel te ontvang.

Community Investment Ventures Holdings Eiendoms Beperk (CIVH)
Op 29 Augustus 2018 het Remgro ‘n verdere R324 miljoen in CIVH geïnvesteer as deel van ‘n CIVH regte-uitgifte.

Milestone Capital Strategic Holdings Beperk (MCSH)
Gedurende Augustus 2018 het Remgro sy belegging en lening in MCSH vir ‘n totale bedrag van $70 miljoen, verkoop.

Buiten bogenoemde transaksies was daar geen ander wesentlike transaksies sedert 30 Junie 2018 nie.

6. TESOURIE-AANDELE

Op 30 Junie 2017 is 1 666 638 Remgro gewone aandele (0.3%) as tesourie-aandele deur ‘n vol-filiaalmaatskappy van Remgro gehou. Soos voorheen gerapporteer, is hierdie aandele gekoop ten einde Remgro se aandele-aansporingskema te verskans.

Gedurende die jaar onder oorsig is 277 605 Remgro gewone aandele aangewend om Remgro se verpligting na te kom teenoor skema deelnemers wat die regte wat aan hulle toegeken is, uitgeoefen het.

Op 30 Junie 2018 is 1 389 033 (0.3%) Remgro gewone aandele as tesourie-aandele gehou.

7. KONTANTBRONNE BY DIE KERN

Die maatskappy se kontantbronne op 30 Junie 2018 was soos volg:

	30 Junie 2018			30 Junie 2017
R miljoen	**Plaaslik**	**Buiteland**	**Totaal**	
Per gekonsolideerde staat van finansiële stand	**6 921**	**5 248**	**12 169**	7 524
Belegging in geldmarkfondse	**3 915**	**81**	**3 996**	5 888
Min: Kontant van bedryfsfiliale	**(1 701)**	**(760)**	**(2 461)**	(1 189)
Kontant by die kern	**9 135**	**4 569**	**13 704**	12 223

Op 30 Junie 2018 was ongeveer 29% (R3 996 miljoen) van die beskikbare kontant by die kern in geldmarkfondse, wat nie as kontant en kontantekwivalente op die staat van finansiële stand geklassifiseer is nie, belê.

DIREKSIE

Mnr W E Bührmann het op 30 April 2018 as uitvoerende direkteur van die raad van Remgro afgetree. Hy het sy normale aftree-ouderdom van 63 vir uitvoerende direkteure bereik.

Die direksie bedank hom vir sy waardevolle bydrae oor baie jare.

VERSLAE VAN DIE ONAFHANKLIKE OUDITEUR

Die maatskappy se direkteure is verantwoordelik vir die voorbereiding van ’n verkorte weergawe van die geouditeerde gekonsolideerde finansiële state.

Die finansiële jaarstate is deur PricewaterhouseCoopers Geïnk. geoudit en hul ongemodifiseerde verslag op die volledige finansiële jaarstate is beskikbaar vir inspeksie by die geregistreerde kantoor van die maatskappy. Die ouditverslag van toepassing op die verkorte finansiële jaarstate is aangeheg.

Die ouditmening is nie noodwendig van toepassing op al die inligting ingesluit in hierdie aankondiging/finansiële resultate nie. Aandeelhouers word dus geadviseer om die ouditverslag en meegaande finansiële inligting te bekom by die geregistreerde kantoor van die maatskappy ten einde 'n behoorlike begrip van die aard van die ouditeur se prosedures te verkry.

VERKLARING VAN KONTANTDIVIDEND

Verklaring van Dividend No. 36

Hiermee word kennis gegee dat 'n finale bruto dividend van 328 sent (2017: 301 sent) per aandeel uit inkomstereserwes verklaar is ten opsigte van beide die gewone aandele sonder pariwaarde en die ongenoteerde B-gewone aandele sonder pariwaarde, vir die jaar geëindig 30 Junie 2018.

Dividend-terughoubelasting van 20% of 65.6 sent per aandeel sal van toepassing wees, wat tot gevolg het dat die netto dividend 262.4 sent per aandeel is, tensy die betrokke aandeelhouer vrygestel is van dividend-terughoubelasting of in aanmerking kom vir ‘n verlaagde koers ingevolge ‘n toepaslike dubbelbelasting-ooreenkoms.

Die totale bruto dividend per aandeel vir die jaar geëindig 30 Junie 2018 bedra dus 532 sent teenoor 495 sent vir die vergelykende jaar geëindig 30 Junie 2017.

Die uitgereikte aandelekapitaal op die verklaringsdatum is 529 217 007 gewone aandele en 39 056 987 B-gewone aandele. Die inkomstebelastingnommer van die maatskappy is 9500-124-71-5.

Belangrike datums:

Laaste dag van verhandeling ten einde vir die dividend te kwalifiseer	Dinsdag, 13 November 2018
Aandele verhandel ex dividend	Woensdag, 14 November 2018
Rekorddatum	Vrydag, 16 November 2018
Betaaldatum	Maandag, 19 November 2018

Aandeelsertifikate mag nie tussen Woensdag, 14 November 2018, en Vrydag, 16 November 2018, albei dae ingesluit, gedematerialiseer of rematerialiseer word nie.

Ingevolge die bepalings van die maatskappy se akte van oprigting sal dividende slegs elektronies oorgeplaas word in die bankrekeninge van aandeelhouers, terwyl dividendtjeks nie meer uitgereik word nie. Indien aandeelhouers nie die oordragsekretaris van hulle bankbesonderhede voorsien nie, sal die dividend nie verbeur word nie, maar in die aandeleregister as “onopgeëis” gemerk word totdat die aandeelhouer die bankbesonderhede vir die uitbetaling daarvan aan die oordragsekretaris voorsien het.

Geteken namens die raad van direkteure.

Johann Rupert
Voorsitter

Jannie Durand
Hoofuitvoerende beampte

Stellenbosch
19 September 2018

DIREKSIE

Nie-uitvoerende direkteure
Johann Rupert *(Voorsitter),* E de la H Hertzog *(Ondervoorsitter)*,
J Malherbe *(Ondervoorsitter),* S E N De Bruyn*, G T Ferreira*,
P K Harris*, N P Mageza*, P J Moleketi*, M Morobe*, F Robertson*
(* *Onafhanklik*)

Uitvoerende direkteure
J J Durand (*Hoofuitvoerende beampte*),
M Lubbe, N J Williams

MAATSKAPPY-INLIGTING

Sekretaris
D I Heynes

Notering
JSE Beperk
Sektor: Nywerheid – Algemene Nywerheid

Sake-adres en geregistreerde kantoor
Millennia Park, Stellentialaan 16, Stellenbosch 7600
(Posbus 456, Stellenbosch 7599)

Oordragsekretaris
Computershare Investor Services Eiendoms Beperk
Rosebank Towers, Biermannlaan 15, Rosebank 2196
(Posbus 61051, Marshalltown 2107)

Ouditeure
PricewaterhouseCoopers Geïnk.
Stellenbosch

Borg
Rand Aksepbank (‘n Afdeling van FirstRand Bank Beperk)

Webwerf
www.remgro.com

BYLAAG A

SAMESTELLING VAN WESENSVERDIENSTE (geouditeer)

R miljoen	Jaar geëindig 30 Junie 2018	2017
Bankwese		
RMH	**2 486**	2 232
FirstRand	**1 039**	931
Gesondheidsorg		
Mediclinic	**1 556**	1 875
Verbruikersprodukte		
Unilever	**499**	449
Distell[1]	**459**	481
RCL Foods	**647**	424
Versekering		
RMI Holdings	**1 228**	1 041
Nywerheid		
Air Products	**289**	298
KTH	**55**	34
Total	**501**	224
PGSI	**4**	25
Wispeco	**122**	169
Infrastruktuur		
Grindrod	**(46)**	(48)
CIV groep	**48**	110
SEACOM	**15**	(33)
Ander infrastruktuurbelange	**40**	7
Media en sport		
eMedia Investments	**1**	49
Ander media- en sportbelange	**(48)**	(107)
Ander beleggings	**66**	70
Sentrale tesourie		
Finansieringsinkomste	**524**	349
Finansieringskoste	**(891)**	(903)
Opsie hermeting	**261**	687
Ander netto korporatiewe koste	**(282)**	(143)
Wesensverdienste	**8 573**	8 221
Geweegde aantal aandele (miljoen)	**566.8**	553.4
Wesensverdienste per aandeel (sent)	**1 512.6**	1 485.5

Aantekening

1. Sluit die belegging in Capevin Holdings Beperk in.

BYLAAG B

SAMESTELLING VAN INTRINSIEKE NETTO BATEWAARDE (geouditeer)

R miljoen	30 Junie 2018 Boekwaarde	30 Junie 2018 Intrinsieke waarde	30 Junie 2017 Boekwaarde	30 Junie 2017 Intrinsieke waarde
Bankwese				
RMH	**15 385**	**30 123**	14 016	23 350
FirstRand	**5 486**	**14 045**	5 010	10 365
Gesondheidsorg				
Mediclinic	**29 373**	**31 329**	33 763	41 568
Verbruikersprodukte				
Unilever	**3 588**	**11 900**	3 737	10 702
Distell[1]	**9 110**	**9 674**	3 727	9 556
RCL Foods	**8 128**	**11 534**	7 553	10 173
Versekering				
RMI Holdings	**8 479**	**17 285**	7 277	17 532
Nywerheid				
Air Products	**1 026**	**4 158**	1 047	4 298
KTH	**1 964**	**2 218**	1 684	2 466
Total	**2 007**	**2 382**	1 640	2 167
PGSI	**692**	**692**	643	643
Wispeco	**874**	**984**	821	1 368
Infrastruktuur				
Grindrod	**1 624**	**1 624**	1 915	1 915
Grindrod Shipping	**623**	**623**	-	-
CIV groep	**2 301**	**4 940**	2 242	4 829
SEACOM	**353**	**870**	321	896
Ander infrastruktuurbelange	**256**	**256**	520	520
Media and sport				
eMedia Investments	**866**	**866**	1 147	1 424
Ander media- en sportbelange	**223**	**268**	365	319
Ander beleggings	**4 060**	**4 196**	3 947	3 932
Sentrale tesourie				
Kontant by die kern[2]	**13 704**	**13 704**	12 223	12 223
Skuld by die kern	**(14 097)**	**(14 097)**	(13 907)	(13 907)
Ander netto korporatiewe bates	**2 073**	**2 536**	2 741	3 164
Intrinsieke netto batewaarde (INBW)	**98 098**	**152 110**	92 432	149 503
Potensiële KWB-aanspreeklikheid[3]		**(6 438)**		(7 010)
INBW na belasting	**98 098**	**145 672**	92 432	142 493
Uitgereikte aandele na aftrekking van aandele teruggekoop (miljoen)	**566.9**	**566.9**	566.6	566.6
INBW na belasting per aandeel (Rand)	**173.04**	**256.97**	163.13	251.48
Remgro aandeelprys (Rand)		**204.29**		213.46
Persentasie diskonto tot INBW		**20.5**		15.1

Aantekeninge

1. Die vorige jaar sluit die belegging in Capevin Holdings Beperk in.
2. Kontant by die kern sluit kontant gehou deur filiale wat afsonderlik hierbo gewaardeer is (hoofsaaklik RCL Foods, Distell en Wispeco), uit.
3. Die potensiële kapitaalwinsbelasting (KWB)-aanspreeklikheid is bereken op die spesifieke-identifikasiemetode deur gebruik te maak van die voordeligste berekening vir beleggings wat voor 1 Oktober 2001 verkry is en die korporatiewe vrystellingsbepalings word ook in ag geneem. Uitgestelde KWB op beleggings “beskikbaar-vir-verkoop” is onder “ander netto korporatiewe bates” hierbo ingesluit.
4. Vir doeleindes van berekening van die intrinsieke waarde, word ongenoteerde beleggings teen direkteurswaardasies en genoteerde beleggings teen beurspryse aangetoon.

VERSLAG VAN DIE ONAFHANKLIKE OUDITEUR

OOR DIE VERKORTE GEKONSOLIDEERDE FINANSIËLE STATE AAN DIE AANDEELHOUERS VAN REMGRO BEPERK

Mening

Die verkorte gekonsolideerde finansiële state van Remgro Beperk, soos uiteengesit op bladsye 2 tot 11, 16, 20 en 21 in die geouditeerde verkorte gekonsolideerde resultate, wat bestaan uit die verkorte gekonsolideerde staat van finansiële stand soos op 30 Junie 2018, die verkorte gekonsolideerde inkomstestaat en verkorte gekonsolideerde state van omvattende inkomste, veranderinge in ekwiteit en kontantvloei vir die jaar geëindig, en verwante aantekeninge, is opgestel vanuit die geouditeerde gekonsolideerde finansiële state van Remgro Beperk vir die jaar geëindig 30 Junie 2018.

Na ons mening, is die meegaande verkorte gekonsolideerde finansiële state konsekwent, in alle wesenlike opsigte, met die geouditeerde gekonsolideerde finansiële state, ooreenkomstig die JSE Beperk (JSE) se vereistes vir verkorte finansiële state, soos uiteengesit in aantekening 1 tot die verkorte gekonsolideerde finansiële state, en die vereistes van die Maatskappywet van Suid-Afrika soos van toepassing op verkorte finansiële state.

Verkorte gekonsolideerde finansiële state

Die verkorte gekonsolideerde finansiële state bevat nie alle openbaarmaking soos vereis deur Internasionale Finansiële Rapporteringstandaarde en die vereistes van die Maatskappywet van Suid-Afrika soos van toepassing op finansiële jaarstate nie. Die lees van die verkorte gekonsolideerde finansiële state en die ouditeur se verslag daarop kan gevolglik nie as plaasvervanger vir die lees van die geouditeerde gekonsolideerde finansiële state en die ouditeur se verslag daarop gesien word nie.

Die geouditeerde gekonsolideerde finansiële state en ons verslag daarop

Ons het ‘n ongekwalifiseerde ouditmening uitgespreek op die geouditeerde gekonsolideerde finansiële state in ons verslag gedateer 19 September 2018. Daardie verslag sluit ook kommunikasie oor sleutel-ouditaangeleenthede in. Sleutel-ouditaangeleenthede is daardie aangeleenthede wat, volgens ons professionele oordeel, van die mees beduidende was in ons oudit van die gekonsolideerde finansiële state vir die huidige jaar.

Direkteure se verantwoordelikheid vir die verkorte gekonsolideerde finansiële state

Die direkteure is verantwoordelik vir die opstel van die verkorte gekonsolideerde finansiële state ooreenkomstig die JSE se vereistes vir verkorte finansiële state, soos uiteengesit in aantekening 1 tot die verkorte gekonsolideerde finansiële state, en die vereistes van die Maatskappywet van Suid-Afrika soos van toepassing op verkorte finansiële state.

Ouditeur se verantwoordelikheid

Ons verantwoordelikheid is om ’n mening uit te spreek of die verkorte gekonsolideerde finansiële state konsekwent is, in alle wesenlike opsigte, met die geouditeerde gekonsolideerde finansiële state, gebaseer op ons prosedures, wat ooreenkomstig die *‘International Standard on Auditing (ISA) 810 (Revised)’, “Engagements to Report on Summary Financial Statements”*, uitgevoer is.

PricewaterhouseCoopers Geïnk.
Direkteur: A Wentzel
Geregistreerde Ouditeur

Stellenbosch
19 September 2018